

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Luff and Another (261/84) [1986] ZASCA 89 (12 September 1986)

[1986] ZASCA 89

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Viljoen, Smalberger, Boshoff, War

CASE / FILE NUMBER

261/84

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

261/84

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

EERSTEERIC R LUFF APPELLANT

TWEEDECHARLES WILLIAM WARD APPELLANT

en

DIE STAAT RESPONDENT

CORAM: VILJOEN, SMALBERGER, ARR et BOSHOFF, WAR VERHOORDATUM: 1 SEPTEMBER
1986 LEWERINGSDATUM: 12 SEPTEMBER 1986

UITSPRAAK

VILJOEN, AR

Die/

2. Die twee appellante het as beskuldigdes

1 en 2 voor 'n Regter en een assessor in die Hoog-geregshof van Suidwes-Afrika tereggestaan op 26 aanklagte van bedrog, een aanklag van diefstal en een aanklag van korrupsie ter oortreding van Ordonnansie 2 van 1928. Voor pleit het die Staat drie van die bedrogaanklagte naamlik 12, 13 en 27 en die korrupsie-aanklag 28 teruggetrek. Na sluiting van die Staat se saak is die appellante ontslaan op 8 van die bedrogaanklagte naamlik 19, 20, 21, 22, 23, 24, 25 en 26. Die appellante is uiteindelik skuldig bevind op aanklagte 2, 6, 16, 17 en 18. Op aanklagte 2 en 6 is elke appellant gevonnissen tot betaling van 'n boete van R1 000 of

12 maande/

3. 12 maande gevangenisstraf. Op elkeen van aanklagte

16, 17 en 18 is elke appellant gevonnissen tot 12 maande .gevangenisstraf waarvan die helfte opgeskort is vir 5 jaar op sekere voorwaardes. Die appellante is deur die Verhoorhof verlof verleen om teen hulleskuldigbevindings op aanklagte 2 en 6 te appelleer deur hierdie Hof. om teen die skuldigbevindings op aanklagte 16, 17 en 18 te appelleer.

Die aanklagte het voortgespruit uit sekere

transaksies wat aangegaan is tussen die Departement van Nasionale Opvoeding van Suidwes-Afrika en 'n firma bekend as Hochland Agentskappe in die tydperk van 1980 tot ongeveer September

1981. Gedurende hierdie tydperk was die eerste appellant in diens van die Departement van Nasionale Opvoeding

en/

4. en onder meer in beheer van die rekening-afdeling

en die voorrade-afdeling wat voorrade moes aankoop vir die gebruik by sekere skole en skoolkoshuise. Die tweede appellant het in al die transaksies met die Departement die firma Hochland Agentskappe verteenwoordig.

Die Staat het in sy opsomming van feite

om die volgende bewerings gemaak:

"1. Op 19 November 1980 is 'n rekening geopen te Volkskas Bank Windhoek in die naam van Hochland Agentskappe. Die tekenregte was soos volg bepaal: Heylie Maria Ward en Christina J E Vlok, enigene mag teken, en Charles Wilhelm Ward mag teken. Die rekening is op 28 Januarie 1981 gesluit. Op 27 Januarie 1981 het die rekening heropen vir dieselfde besigheid. Teken-regte was as volg: Charles Wilhelm Ward en Heylie Maria Ward, enigene mag teken. Op 28 Julie 1981 is die rekening finaal gesluit.

2. Op/

5.

2. Op 24 Julie 1981 is 'n rekening vir Hochland Agentskappe te Barclays Bank, Ausspannplatz, Windhoek geopen. Slegs beskuldigde 2 het tekenregte gehad. Die rekening is gesluit op 11 September

1981. Op 3 September 1981 is 'n rekening by dieselfde bank geopen in die naam van Hochland Agentskappe Eiendoms Beperk. Op hierdie rekening het beide beskuldigdes tekenregte gehad. Beide moes elke teken.

3. Op 27 Augustus 1981 is Hochland Agent-skappe Eiendoms Beperk ingelyf as 'n maatskappy. Beskuldigdes 1 en 2 was die enigste direkteure met gelyke aan-dele.

4. Op 8 Deaember 1980 is 'n Algemene Hande-laarslisensie uitgereik vir die vennoot-skap Hochland Agentskappe. Die vennote was Heylie Maria Ward en Christina Johanna Vlok." Heylie Maria Ward is die name van die

tweede appellant se eggenote en Christina JohannaE Vlok die voorname en nooiensvan van die gewese

eggenote/ 6. eggenote van die eerste appellant. Voor die

landdros het beide appellante onskuldig gepleit.

Toe hulle in die loop van die pleitverrigtingeversoek is om ingevolge a 115 van die Strafproses-wet hulle pleite te verduidelik het die tweedeappellant erken dat sy eggenote nie by die besig-heid Hochland Agentskappe betrokke was nie en datsy nie inverband met die behartiging van diebesigheid of die sake van die "vereniging" terbevordering of gepoogde bevordering daarvan opgetreehet nie. Die eerste appellant wou nie erken datsy gewese vrou nie 'n vennoot in Hochland Agent-skappe was nie.

In die uiteensetting van die feite van

die saak wat deur die Verhoorhof bevind is sê die

geleerde/

7. geleerde Verhoorregter tereg in die Hof se uitspraak

dat Hochland Agentskappe bykans uitsluitlik met die

Departement van Nasionale Opvoeding sake gedoen het

en binne 'n kort tydperk 'n aansienlike wins getoon

het. Uit hierdie gelde was die aankoop van 'nverdere besigheid bekend as Bill's Pawnshop ge-finansier, asook die aankoop van 'n plaas, oordragwaarvan in die naam van die maatskappy HochlandAgentskappe (Edms) Bpk geregistreer is.

Aan die einde van 1981 het die eerste

appellant sy bedanking ingedien by die DepartementNasionale Opvoeding en hy het hom daarna toegelêop boerderybedrywighede op die plaas. Die boerdery

is beëindig nadat Barclays Bank ten gunste van wie'n verband oor die plaas geregistreer is, die verband

opgeroep/ 8. opgeroep het'. Die voorlopige vonnis wat deur die

Bank aangevra is, is teengestaan deur die eersteappellant alleen. Hy het 'n beëdigde verklaringgeliasseer waarin hy oa beweer het dat hy saammet die tweede appellant 'n direkteur is in dieverweerder-maatskappy wat opgerig is met die doelom die plaas aan te koop. Voorheen, beweer hy,het daar, sedert ongeveer September 1980,'n monde-linge vennootskapsooreenkoms tussen hom en dietweede appellant bestaan welke vennootskap onderdie naam van Hochland Agentskappe sake bedryf het.Hy beweer dat hy met die eiser, Barclays Bank,

ooreengekom het dat alleen tjeks wat sowel deurhom as die tweede appellant gesamentlik onderteken

sou wees, deur die Bank teen die maatskappy se

rekening/

9. rekening gedebiteer sou word. Hierdie ooreenkoms

het die Bank nie nagekom nie, beweer hy. Ook isdaar op onreëlmatige wyse tjeks van die vennootskap teen die maatskappy se rekening gedebiteer,is 'n verdere bewering. Die tweede appellant hetin antwoord op die bewerings van die eerste appellantten behoefte van die Bank 'n beëdigde verklaring indieselfde verrigtinge geliasseer waaruit dit blykdat hy nie voorlopige vonnis teenstaan nie. Hyerken die bestaan van die vennootskap en verduidelikdat die maatskappy gestig is omdat die oordrag vandie plaas nie in hulle albei se name kon geskied nie.Hulle het mondeling ooreengekom om die vennootskap

te ontbind en saam sake onder die maatskappy se naamvoort te sit. Hy erken die eerste appellant se

bewering/ 10. bewering dat hy al die tjeks onderteken het maar

beweer dat die eerste appellant te alle tye daarvanbewus was. Hy erken ook dat sekere tjeks in dienaam van die vennootskap, en nie van die maatskappynie, uitgereik is, maar dit was 'n blote oorsig,beweer hy.

In sy beëdigde verklaring in dieselfdeverrigtinge het die eerste appellant sekere paragraweaaangehaal uit 'n brief wat hy voorheen, aan die beginvan 1982, aan die tweede appellant geskryf hetwaarin hy die tweede appellant beskuldig van sekereonreëlmatighede en bevoordeling van laasgenoemdeuit die vennootskapbates. Hy beweer in die brief,die geheel waarvan as 'n bewysstuk in die Hof a quogedien het, dat hy onderneem het om 'n halwe aandeel in/

11.in Bill's Pawn Shop aan die tweede appellant oor te dra op voorwaarde dat die tweede appellant hom R10 000 teen die einde van die jaar 1981 sou betaal wat, so beweer hy in die brief, die tweede appellant in gebreke gebly het om te doen. Daar is ook verwys in die brief na 'n pandjieswinkel, Charlie's Pawnshop, wat skynbaar dieselfde is as Bill's Pawnshop, waarin die tweede appellant gelde wat hy uit die vennoot-skap Hochland Agentskappe tot die nadeel van eerste appellant onttrek het, gestort het. Hy drlng daarop aan dat die boeke van die vennootskap

op-geskryf word sodat presies bepaal kon word wie van die vennote die meeste uit die vennootskapsrekening onttrek het en daar 'n verrekening kon plaasvind. Hy het ook in die brief verwys na die huur van 'n perseel waarin Charlie's Pawnshop sake gedoen het/en.....12. en beskuldig die tweede appellant daarvan dat hy

onregmatiglik geëis het dat die vennootskap Hochland Agentskappe 'n gedeelte van die huur moes betaal terwyl die vennootskap nie die nut vandaardie gedeelte van die perseel waarop ooreenge-kom is, kon benut nie omdat dit deur Charlie's Pawnshop beset is. Die eerste appellant beskuldig die tweede appellant daarvan dat hy net in die "pawnshop" belangstel en die vennootskap net gebruikom soveel geld as moontlik daaruit te trek. "Soos sake nou staan", kla die eerste appellant in die brief, "is ek duisende rande tekort gedoen."

Die eerste transaksie van die Departement

van Nasionale Opvoeding waarin Hochland Agentskappe betrokke was, was die aankoop van karton-omslae van

'n/ 13. 'n firma bekend as Maddisons. Dit was vir die

uitvoering van 'n bestelling wat deur die eerste appellant namens die Departement geplaas is gedurende of ongeveer November 1980. In die getuienis is na hierdie omslae verwys as "tintedsheet boards." Daarna was daar ook bestellings geplaas deur Hochland Agentskappe by sekere firmas ten behoeve van die Departement vir sekere vleis-produkte. Die eerste was 'n bestelling van 2 400 kar-tonne ingemaakte vleis wat Hochland Agentskappe vir die Departement sou verkry van 'n firma bekend as Grundler. Later, gedurende 1981, is daar periodieke bestellings geplaas vir die lewering van ander ge-blikte vleisprodukte (9 000 blikke in totaal) by 'n firma Combined Sales aan die Witwatersrand in die

RSA/

14. RSA. Ten aansien van dié bestellings het Hochland

Agentskappe fakture aan die Departement verstrek wat die Departement betaal het. Die prosedure watin die verband gegeld het, is soos volg deur die geleerde Verhoorregter in die uitspraak van die Hof beskryf:

"Die wyse waarop bestellings geplaas was en betalings later gedoen was, is deur die verskillende getuies beskryf. Eerstens word 'n bestelvorm in duplikaat uitgemaak en onder-teken deur 'n beampte. Die oorspronklike gaan na die leweransier en 'n afskrif, ook bekend as die betaalafskrif word behou. Die oorspronklike en die afskrif verskil egter in die volgende relevante opsigte:

(a) die volgende instruksies verskyn

ondermeer op die oorspronklike wat nie op die afskrif is nie:

(i) 'Faktuur in tweevoud met die

nommer van die bestelling daarop

moet op die dag waarop die goedere
versend word aan bogemelde adres
gestuur word.'

(b) Die/

15.

(b) Die volgende ontvangs en betalings-sertifikate verskyn op die afskrif wat nie op die
oorspronklike verskyn nie:

'Ek sertifiseer dat bogenoemde be-stelling in elke opsig behoorlik uitgevoer is, dat die goedere
korrek volgens spesifikasie in goeie toestand ontvang en in die rekords aangeteken is op die folio
in die laaste kolom hierbo aangedui.' 'Ek sertifiseer dat bostaande bestelling met die fakture
ooreenstem en die vor-derings volgens kontrak, ooreenkoms of tarief billik en redelik is en dat
die begunstigde op die betaling geregtig is.'

Na ontvangs van 'n faktuur van 'n leweransier moet beide hierdie sertifikate onderteken word
waarna h rekening-outomaat betalingsadvies voltooi en onderteken word. Al die dokumente gaan
dan na die Tesourie Afdeling waar die tjek uitgemaak en onderteken word."

Ten tyde van die opening op 19 November 1980

van die bankrekening van Hochland Agentskappe by

Volkskas/ 16. Volkskas het die bank proefhandtekeninge van die

persone wat tekenregte sou hê, benodig. Soos blykuit paragraaf 1 van die Staat se opsomming van
feitewas een sodanige tekengeregtigde die voormaligeeggenote van die eerste appellant Christina
JohannaE Vlok. Dit is gemene saak dat die eerste appellant die "naam C J E Vlok op die
handtekeningstrokie wat deur die bank vir die doel voorsien is, geteken het. Einde Maart 1981 het
Hochland Agentskappe 'n tjek aan Combined Sales gestuur onder dekking van 'n brief wat
voorgegee het deur C J E Vlok onderteken getewees het. Dit is gemene saak dat die
eerste appellant hierdie brief geskryf het en die naam C J E Vlok daaronder geteken het.

Gedurende Maart en April 1981 het die

eerste/ 17. eerste appellant talle Hochland-Agentskappe-

tjeks uitgeskryf, vir doeleindes van betaling van krediteure. Die tjeks is egter nie deur homnie
maar deur die tweede appellant onderteken. Agterop die bankstate van Maart, April en Mei
1981 van Hochland Agentskappe se bankrekening het die eerste appellant gepoog om
bankrekonsiliastate vir daardie maande op te stel. Nadat hy bedankhet, het hy op die plaas die
vennootskap en maat-skappy se boeke opgeskryf na die beste van sy vermoëmet behulp, so
beweer hy, van tjek-teenblaai en inligting wat die tweede appellant aan hom venstrekhet. Na die
boeke wat hy opgeskryf het is verwysas 'n kasboek en 'n grootboek. Hierdie kasboek het 'n folio 84
bevat asook 'n folio 88. Laasgenoemde

folio/

18. folio toon die bedrae aan wat uit die besigheid

onttrek is vir die tweede appellant. Folio 84,

beweer die eerste appellant, het die bedrae aange-

toon wat aan sy gewese vrou C J E Vlok, wat op 'n stadium 'n vennoot was of 'n belang in Hochland Agent-skappe gehad het, uitbetaal is. Hierdie folio is egter uit die boek verwyder voordat die polisie daarop beslag gelê het. Folio 88 toon aan dat daartot 9 Junie 1981 'n totaal van R13 238 aan die tweede appellant toegeken is. Die verwysing na folio 84 op folio 60 en 61, dit wil sê die kasboek-gedeelte, toon aan dat daar gedurende dieselfde tydperk 'n bedrag van R23 148 aan iemand toegewys is wie se naam op folio 84 verskyn het. Na Bill's Pawnshop

(folio 116)/...

19. (folio 116) het R41 930 gegaan.

Vir die feite hierbo genoem wat nie deur die

eerste appellant betwis is nie, het hy in sy ge-

tuïenis in die Verhoorhof verontskuldigende verklarings aangebied. Een sodanige verduideliking was dat hy folio 84 na Kaapstad geneem het om sy vrou, wat daar gewoon het, daarmee te konfronteer en verduidelikings te eis van die bedrae wat sy van die vennootskap ontvang het. Folio 84 het by haar agtergebly, beweer hy.

Die Staat het beweer dat die twee appel-

lante 'n gemeenskaplike opset gehad het om die Departement van Onderwys te bedrieg. Die Verhoor-

hof het bevind dat die getuïenis aangetoon het dat

die twee appellante wel 'n gemeenskaplike opset

gehad/

20. gehad het om met die Departement besigheid te doen

maar in die lig van die gebrekkige getuïenis wat aangebied is ten opsigte van die meeste bewerings in die klagstaat was die Hof van oordeel dat daar nie genoegsame getuïenis bestaan wat die beweerde gemeenskaplike opset bo redelike twyfel bewys nie. Dit is nie duidelik of die Hof in hierdie verband slegs verwys het na die aanklagte waarop die appellante onskuldig bevind is nie. Hierop kom ek later terug.

Die bestaan van die beweerde vennootskap

tussen die appellante is nie deur hulle erken nie en die eerste appellant het dit in sy getuienis ontken. Die Verhoorhof het egter langs die weg vandie volgende redenasie bevind dat daar wel 'n vennootskap tussen hulle bestaan het:

"In die/

21.

"In die brief van beskuldigde 1 aan beskuldigde 2 het beskuldigde 1 teenoor beskuldigde 2 egter aanspraak gemaak op vergoeding van sy deel van die vennootskap. In die eerste verklaring waarna verwys is, het hy verklaar dat hy en beskuldigde no 2 sedert September 1980 in vennootskap besigheid gedoen het as Hochland Agentskappe. In sy getuienis het hy die inhoud van beide hierdie dokumente as onwaarhede be-stempel. Gedurende sy getuienis in hoof het hy die inhoud van die brief probeer verduidelik deur as rede aan te voer dat hy weens omstandighede betreffende sy huwelik en sy kinders emosioneel onstabiel was en in daardie toestand die brief geskryf het. Dit het egter nie 'n antwoord verskaf op die gedetailleerde inhoud van die brief nie, wat op sigself spreek van 'n intieme kennis van die besigheid. Nadat hy in kruisverhoor gekonfronteer was met die inhoud van die beëdigde verklaring het daar 'n grondverskuiwing plaasgevind. Toe het hy in besonderhede vertel van 'n besoek aan 'n prokureur wat die skryf van die brief voorafgegaan het. Nou was die nie meer soseer geskryf in emosionele onstabiliteit nie, maar as 'n lokval vir beskuldigde 2. Sy antwoord kon dalk beskuldigde 1 se probleme met die belastinggaarder opklaar.

Die latere beëdigde verklaring was blykbaar nog

steeds/

22.

steeds deel van hierdie beweerde lokval, maar 'n verstaanbare verduideliking was nie gegee nie. Dit was opvallend dat hy gedurende sy kruisverhoor aangaande die vennootskap senu-weeagtig was, hy was ontwykend en onseker. As getuie het hy 'n swak indruk gemaak. Hier moet ook bygevoeg word dat hy gedurende sy getuienis in hoof as korroborasie van die feit dat hy nie geld van Hochland ontvang het nie, getuienis gelewer het aangaande sy bank en spaarrekeninge. In kruisverhoor het dit geblyk dat daar nog 'n spaarrekening was waarop daar inbetalings was afkomstig vanaf Hochland Agentskappe. Hy het sy vorige getuienis probeer verduidelik deur te sê dat hy die betrokke vrae anders verstaan het. Dit word as 'n versinsel verwerp.

Afgesien van hierdie omstandighede is dit so dat die oorspronklike bankrekening geopen was met behulp van 'n vervalste handtekening deur hom. Dit het hy later weer gedoen in 'n brief aan Combined Sales, BEWYSSTUK TT.4.

Op 10 Februarie 1981 stuur hy 'n teleks aan Combined Sales, BEWYSSTUK TT.2, waarin hy die Departement verbind om toe te sien dat Hochland sy rekenings betaal. Gedurende Junie/Julie 1981 het beskuldigde 2 vir beskuldigde 1 as sy

vennoot/

23.

vennoot voorgestel aan die getuie Swarts.

Hierdie getuie was volkome onafhanklik en

het 'n goeie indruk op die Hof gemaak. Sy

getuienis word aanvaar.

'n Verdere faktor was die feit dat alhoewel hy bewus was dat Combined Sales direk met die Departement van Nasionale Opvoeding wou besigheid doen, hy verdere bestellings sonder tender of kwotasie deur Hochland Agentskappe geplaas het. Hy het baie van die tjeks van Hochland Agentskap uitgeskryf. Hy het bankrekonsiliasiestate opgestel en die boeke opgeskryf. Intieme kennis van die besigheid word geopenbaar in die brief aan beskuldigde 2. Op die aspek van die vennoot-skap word sy getuienis verwerp as onwaar. Die Hof bevind dus dat dit 'n redelike twyfel bewys is dat hy die tweede vennoot was in Hochland Agentskappe en dat die bedrae wat gedebiteer was in folio 84 van BEWYSSTUK DD bedrae was wat hy uit die vennootskap ont-vang het.

Beskuldigde 2 het in die beëdigde verklaring wat hy geliasseer het die ontstaan en bestaan van die vennootskap tussen hom en beskuldigde 1 erken. Hy het nie getuienis afgelê nie en die leuenagtige getuienis van beskuldigde

no 1/

24. no 1 kan hom nie in hierdie opsig help nie. Dat sy vennoot nie sy vrou was nie, het hy in die landdroshof erken. Onder die omstan-dighede bevind die Hof dat daar ook in sy geval 'n redelike twyfel bewys is dat hy in 'n vennootskap met beskuldigde no 1 was."

In die uitspraak van die Verhoorhof word

a 332(7) van die Strafproseswet, wat soos volg lui,aangehaal:

"Wanneer 'n lid van 'n vereniging van persone wat nie 'n regspersoon is nie, in verband met die behartiging van die besigheid of sake van daardie vereniging of in verband met die bevordering of gepoogde bevordering van sy belange, 'n misdryf pleeg, hetsy deur 'n hande-ling te verrig of deur te versuim om 'n handeling te verrig, word iemand wat ten tyde van die pleging van die misdryf 'n lid van daardie vereniging was, geag aan daardie misdryf skuldig te wees, tensy bewys word dat hy nie aan die pleging van die misdryf deelgeneem het nie en dat hy dit nie kon verhoed het nie: Met dien verstande dat in-dien die besigheid of sake van die vereniging deur 'n komitee of ander derglike bestuurs-

liggaam/

25.

liggaam bestuur of beheer word, die bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is op iemand wat ten tyde van die pleging van die misdryf nie 'n lid van daardie komitee of ander liggaam was nie."

Die Verhoorhof het die betoog namens die twee beskuldigdes dat die nie-bestaan of bestaan van 'n komitee of 'n bestuursliggaam deur die Staat bewys moet word, verwerp. In elk geval, sê die Hof, is dit duidelik uit die getuienis dat beide beskuldigdes 'n aktiewe rol gespeel het in die sake van die vennootskap.

Teen die agtergrond van die bogaandefinite-bevindings het die Hof die onderskeie aan-klagte bespreek. Ek sal hierin slegs na die be-vinding van die Hof met betrekking tot die aanklagte waarop die twee appellante skuldig

bevind/

26. bevind is en waarteen hulle in hoër beroep kom, verwys.

Die Verhoorhof het aanklagte 2 - 11 in

groepe behandel. Aanklagte 2 - 5 was een groepen aanklagte 6 - 11 die ander groep. Aanklagte 2, 3, 4 en 5 het voortgespruit uit 'n transaksieaangegaan op 26 November 1980 tussen die Departement, Hochland Agentskappe en Grundleger waarkragtens die eerste appellant 2 400 kartonne vleisprodukte elk met 'n inhoud van 12 blikke van 1,35 kg elk namens die Departement by Hochland Agentskappe bestel het. Op sy beurt het die tweede appellant vir Hochland Agentskappe opgetree en die produkte by Grundleger bestel. Aflewering het in hoeveelhede en/ 27. en betaling in paaiemente volgens wat gelewer

is, geskied. Ten aansien van elke lewering en paaiement was daar 'n aparte aanklag. Op 3 Februarie 1981 het die Departement vir 100 gelewerde kartonne betaal (aanklag 2); op 17 Maart 1981 vir 500 kartonne (aanklag 3); op 31 Maart 1981 vir 1257 kartonne (aanklag 4) en op 10 Julie 1981 vir dielaaste 543 kartonne (aanklag 5). Elke aanklag het sekere bedrieglike wanvoorstellings of hande-linge beweerd, ondermeer dat tesourie- of tender-raadmagtiging nie verkry is nie, dat die betrokke hoeveelheid waarvoor betaal is nie tot die beste voordeel van die Staat aangekoop is nie, dat Hochland Agente nie geregtig was op die betrokke betaling nie

28. en dat die appellante versuim het om te openbaar dat hulle 'n belang in Hochland Agentskappe gehad het.

Aanklagte 6 tot 11 het voortgespruit uit transaksies tussen die Departement, Hochland Agent-skappe en 'n firma Combined Sales. In hierdie gevalle was bestellings vir vleisprodukte op verskillende datums geplaas, lewering het na die bestellings plaasgevind en betalings is na lewering gemaak. Veelal soortgelyke bewerings as in aanklagte 2 tot 5 is ten aansien van hierdie aanklagte gemaak.

Die Hof het die appellante slegs op die

eerste van elkeen van hierdie groepe skuldig bevind. Dit is gemene saak, sê die Verhoorregter, dat die beskuldigde nie aan die Departement bekend gemaak

het/...29. het dat die eerste beskuldigde 'n belang in Hochland

Agentskappe gehad het nie. Hierdie versuim was die enigste grond vir die skuldigbevinding vandie appellante op aanklagte 2 en 6. Die Hof rede-neer soos volg:

"Die Hof het bevind dat beide beskuldigdes vennote was in die besigheid Hochland Agent-skappe en dat beskuldigde 1 dus 'n belang gehad het in daardie besigheid. Die verhouding werkgewer en werknemer waarop die Staat staat gemaak het is 'n fidusiêre verhouding met pligte wat onderling bestaan, en die werknemer mag homself nie ten koste van sy prinsipaal verryk nie. Hy mag ook nie geheime profyte maak nie, selfs wat nie eens ten koste van sy prinsipaal is nie. Onder die omstandighede het daar dus regtens 'n regsplig bestaan op beskuldigde 1 om sy belang in Hochland Agentskappe te openbaar. Klagtes 2 tot 5 het betrekking op een be-stelling maar die lewerings het op verskillende tydperke plaasgevind. Dit sou verkeerd wees, indien hierdie versuim

om/

30.

om bekend te maak gelei het tot benadeling van die Staat, om 'n skuldigbevinding uit te bring op meer as een van daardie klagtes. Indien beskuldigde 1 openbaar het dat hy 'n belang in Hochland Agentskappe gehad het, sou dit die Departement in staat gestel het om teen die goedkoper prys te koop, of omdat die winste van die vennootskap te verhaal. Onder die omstandighede is dit die Hof se mening dat die Staat 'n redelike twyfel bewys het dat die versuim om te openbaar wel tot die uiteindelijke verlies van die Staat gelei het.

Soos reeds gesê, om 'n vermenigvuldiging van skuldigbevindings nie te laat plaasvind nie, word beskuldigde 1 dan eerstens SKULDIG bevind op klagte 2, net ten opsigte van die versuim om te openbaar. Wat beskuldigde 2 aanbetref het hy nie getuig nie en ten opsigte van die bewyslas wat die betrokke artikel in die Strafproseswet op hom plaas, dit nie gekwyt nie. Daar kan net bygevoeg word dat alhoewel hy nie getuig het nie, hy uit die staanspoor deelgeneem het aan die versuim om te openbaar dat beskuldigde 1 'n belang in Hochland Agentskappe het. Hy het die bankrekenings geopen, eerstens onder die naam van homself en beskuldigde 1 se

gewese/

31.

gewese vrou, daarna onder die naam van homself en sy eie vrou. Onder die omstandighede word beskuldigde 2 ook SKULDIG bevind op klagte 2 ten opsigte van die versuim om te openbaar. Die beskuldigdes word dus ONSKULDIG BEVIND EN ONTSLAAN op klagtes 3, 4 en 5. Sover dit klagtes 7,8,9,10 en 11 aanbetref geld dieselfde opmerkings ten opsigte van die versuim om te openbaar dat beskuldigde 1 'n belang in Hochland Agentskappe gehad het. Weer eens om 'n vermenigvuldiging van skuldig-bevindings te vermy word die beskuldigdes SKULDIG bevind op klagte 6 ten opsigte van die versuim om beskuldigde 1 se belange te openbaar en ONSKULDIG BEVIND EN ONTSLAAN op klagtes 7,8,9, 10 en 11."

AANKLAGTE 16, 17 en 18

Aanklag 16 het ook 'n hele aantal bewerings van bedrieglike wanvoorstellings en handeling bevat. Die enigste een wat egter ter sake is, is 'n bewering dat die beskuldigdes bedrieglik voorgestel het dat

die/ 32. die aankoopprys van 30 000 "tinted sheet boards"

by Hochland Agentskappe die bedrag, met kooppelasting, van R6 552 beloop het terwyl dit in werklikheidslegs R655,20 beloop het. Die betrokke transaksie, so toon die getuienis aan, het op 17 November 1980 geskied toe die eerste appellant 'n bestelling by Hochland Agentskappe geplaas het vir die lewering van 30 000 "tinted sheet boards" teen R2,10 per 100. 'n Totale prys van R6 300 plus R252 verkoop-belasting - 'n totaal dus van R6 552 is op die bestel-vorm deur die eerste appellant ingevul. Hochland het op sy beurt 'n bestelling geplaas by Maddisons

vir dieselfde aantal omslae teen 'n koopprijs van

R483. Die eerste appellant het die faktuur van

Hochland/

33. Hochland Agentskappe met die geïnflateerde prys daarop wat deur die tweede appellant geteken en voorgelê was as korrek gesertifiseer en het die ontvangsertifikaat sowel as die betalingsertifikaat met dieselfde bedrag daarop onderteken op die betaalafskrif van die bestelvorm. Hochland Agentskappe is per tjek gedateer 18 November 1980 betaal.

Dat hierdie voorstelling vals was, was gemene saak in die Verhoorhof. Appellant het die voorstelling in die bestelvorm gemaak en die faktuur het dieselfde bedrag getoon. Ingevolge die bepaling van a 245 van die Strafproseswet 51 van 1977, redeneer die Verhoorhof, word daar dus geag,

tensy die teendeel bewys word, dat die voorstelling

gemaak/ 34. gemaak is wetende dat dit vals is. Hierdie artikel

lui soos volg:

"Indien by strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde aangekla word van 'n misdryf waarvan 'n valse voorstelling 'n bestanddeel is, bewys word dat die valse voorstelling deur die beskuldigde gemaak is, word geag, tensy die teendeel bewys word, dat hy so 'n voorstelling gemaak het wetende dat dit vals is."

Die eerste appellant het in sy getuienis die be-rekening as 'n bona fide fout bestempel. Na die Verhoorhof se oordeel dui die omstandighede egter daarop dat dit nie 'n fout was nie. Die Hof verwys na 'n besoek wat die eerste appellant by die firma Maddisons afgelê het om navraag te doen na hierdie

omslae. Die Hof verwys na die getuienis van

mnr en mev Du Plessis wat oor die besoek getuig

het/ 35. het. Volgens hierdie getuienis het die eerste

appellant vir die getuie Du Plessis te kenne gegeed dat die Departement nie self 'n bestelling sou plaas nie, maar dat "hulle gewoonlik besigheid doen met Hochland Agentskappe." Die ontkenning vandie eerste appellant dat hy so 'n besoek afgelê het en navraag gedoen het, is deur die Verhoorhof verwerp. 'n Ander omstandigheid wat die Hof in aanmerking geneem het was dat na die betaling van R6 552 deur die Staat wat op 19 November 1980 in Hochland se bankrekening in betaal is, daar op dieselfde dag drie tjeks uitgeskryf is wat deur die tweede appellant onderteken is. Die een tjek was vir 'n bedrag van R483 om vir Maddisons te

betaal vir die omslae waarvoor die Staat R6 552

aan/ 36. aan Hochland betaal het. Die ander twee tjeks

was kontant tjeks vir R1 500 elk'. Een het na die

tweede appellant gegaan en die ander is deur die eerste appellant toegewys aan folio 84. Die eerste appellant was die vennoot van die tweede appellant en folio 84 het die bedrae getoon wataen die tweede vennoot betaal is, redeneer die Hof en wys ook daarop dat dit die eerste transaksie tussen die Departement en die appellante was. Die Hof meen dat dit nie waarskynlik is dat so 'n fout per abuis gemaak sou gewees het nie. Onder die omstandighede, bevind die Hof, het die eerste appellant nie op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys dat die

fout met die bedrag 'n berekeningsfout was nie.

37

Die tweede appellant is ook skuldig op hierdie

aanklag, meen die Hof, en redeneer soos volg. Die voorstellings deur die eerste appellant wat vervat

is in die bestelvorm het onteenseglik gelei tot die uitreiking van die betrokke tjek en die benadeling van die Staat. Die misdryf wat die eerste appellant hierdeur gepleeg het, is gepleeg in verband met die bevordering van die belange van die vennootskap. Daar het dus 'n bewyslas op die tweede appellant garus om ingevolge die bepaling van a 332(7) van die Strafproseswet te bewys dat hy nie aan die pleging van die misdryf deelgeneem het nie en dat hy dit nie kon verhoed het nie. Die tweede appellant het verkies om nie te getuig

nie. In elk geval, meen die Hof, was hy dié persoon

wat/

38.

wat die misdaad aangehelp het deur die voorlegging van 'n faktuur waarop die valse inligting verskyn het, en hy het ook dadelik vir homself R1 500 toegeëien. Wat aanklag 17 betref, het 'n soortgelyke vermenigvuldiging van die bedrag wat aan Hochland Agentskappe betaal moes word, plaasgevind met die gevolg dat 'n bedrag tien maal groter in werklikheid betaal is. Die getuienis deur die Hof opgesom was dat die eerste appellant 'n bestelling van 30 000 "tinted sheet boards" by Hochland Agentskappe geplaas het. Op die oorspronklike bestelvorm is die eenheids- en aankoopprys nie ingevul nie. (In hierdie opsig het die Hof 'n fout begaan, soos ek later sal aantoon). Hochland Agentskappe lê 'n

faktuur/

39

faktuur voor wat die eenheidsprys en die globale

prys as R6 552 aantoon. Die eerste appellant

sertifiseer ontvangs en die betalingsertifikaat.

Op laasgenoemde sertifiseer hy ondermeer dat die

prys billik en redelik was, of volgens kontrak. Hierdie dokumente, bevind die Verhoorhof, lei tot die betaling aan Hochland van die bedrag van R6 552 in plaas van 'n bedrag van R655,20.

Onmiddellik na betaling gaan R2 000 na die tweede appellant en R2 000 weer na die vennoot wie se ontvangstein folio 84 aangetoon is. Die klagstaat het mutatis mutandis dieselfde bewerings bevat as die klagstaat ten opsigte van aanklag 16 behalwe dat daar 'n verdere voorstelling van nielowering gemaak is. Laasgenoemde is egter nie bewys nie, bevind

die/ 40. die Hof. Ten opsigte van die valsheid van die

voorstelling betreffende die prys van die artikels en die bewyslas op die beskuldigdes geld, volgens die uitspraak van die Verhoorhof, dieselfde oorwegings as dié waarna verwys is in verband met aanklag 16. Hierby kom egter nog 'n faktor, sê die Hof, en dit is dat dit totaal onwaarskynlik is dat 'n tweede soortgelyke fout en dus 'n onskuldigewaanvoorstelling na die eerste gemaak sou word. Beide beskuldigdes het reeds van die vorige geldgebruik gemaak, sê die Hof, en

wys daarop dat toebetaling vir hierdie 30 000 omslae gemaak word, R4 000 (82 000 vir elk) onmiddellik deur hulle aangewend is.

Aanklag 18 het betrekking op 'n derde

geval/ 41. geval van vermenigvuldiging met tien van die ver-

skuldigde bedrag. Die Hof bevind die volgende: Op 10 Februarie 1981 het die eerste appellant 'n verdere 30 000 omslae by Hochland Agentskappe bestel. Voor lewering word die bestelling verhoog na 64 000. Die eerste appellante skryf hierdie getal, die eenheidsprys en die verkeerde totale prys op die betaal-afskrif. 'n Faktuur van Hochland Agentskappe wat dieselfde eenheidsprys en die verkeerde totale prys bevat word voorgelê. Dit word korrek gesertifiseer deur die eerste appellant. Weer eens lei die ondertekening van hierdie dokumente

tot betaling van 'n buitensporige hoë bedrag aan Hochland Agentskappe naamlik 'n bedrag van R13 977,60 waar die bedrag verskuldig R1 397,76 was. Die

eerste/

42.

eerste appellant het in sy getuienis aan die hand gedoen dat hy moontlik die foutiewe bedrag van die foutiewe faktuur oorgeneem het sonder om daarop ag te slaan. Die Hof het egter hierdie verklaring verwerp en het bevind, in ag genome die agtergrond betreffende die twee vorige transaksies, die toepas-like oorwegings waarna in die geval van die vorige twee aanklagte verwys het en die feit dat die eerste appellant weereens die foutiewe totaal as korrek gesertifiseer het, dat die eerste appellant hom nie van die bewyslas ingevolge a 245 gekwyt het nie, en die tweede appellant hom nie van die bewyslas ingevolge a 332(7) gekwyt het nie.

Advokaat O'Linn het die uitspraak van die

Verhoorhof op drie gronde aangeval. Hy het eerstens

aangevoer dat die Hof gefouteer het om te

bevind/ 43. bevind dat daar 'n vennootskap bestaan het tussen

die twee appellante. Tweedens het hy betoog dat die Hof gefouteer het om te bevind dat daar 'n bewyslas op die appellante gerus het ingevolge a 332(7) van Wet 51 van 1977 om te bewys, op 'n oorwig van waarskynlikhede, dat die voorbehouds-bepaling een of albei van hulle vrywaar teen die gelding van die hoofbepaling van die subartikel enderdens het hy betoog dat die Hof gefouteer het om te bevind dat die bepalende gedeelte van a 332(7) op die appellante of enigeen van hulle van toepas-sing is.

Adv O'Linn het, met uitvoerige verwysing na die getuienis van die eerste appellant, betoog dat die Verhoorhof nie al sy verduidelikings behoer-

lik/

44. lik oorweeg het nie en aangevoer dat sy getuienis

waarin hy ontken het dat hy 'n lid van die vennoot-skap was redelik moontlik waar kan wees. Afgesien van die getuienis het die Hof 'n onreëlmatigheid begaan, so lui die betoog verder, om die erkenning voor die landdros deur die tweede appellant datsy vrou nie 'n vennoot was nie as 'n faktor teenhom in ag te neem.

Wat laasgenoemde punt betref was dit

sydelings belangrik vir die Staat, neem ek aan, om aan te toon dat nog die eerste nóg die tweede appellant se vrou 'n vennoot in die besigheid was. Dit sou, as ander persone uitgeskakel word, die Staat help om te bewys dat die eerste appellant die ander vennoot in Hochland Agentskappe was.

Dit/

45. Dit was egter nie 'n wesenlike geskilpunt nie en

dus nie regstreeks ter sake nie en, soos ons mee-gedeel is deur adv Heyman, namens die Staat, (want dit blyk nie uit die verslag van die verrigtingewat presies gebeur het nie), skyn die landdros se

toegewing aan die versoek van die Staatsaanklaerom aan elke appellant te vra of sy vrou 'n vennoot was en die landdros se voldoening aan daardie versoek nie heeltemal regmatig te geskied het ooreenkomstig die prosedure en vereistes wat nagekom moet word

ingevolge artikels 119, 122 en 115 nie. Die Verhoor-hof het egter slegs in 'n geringe mate op hierdie sogenaamde erkenning gesteun en in die geheel geneem

is dit 'n faktor wat, na my oordeel, nie die uitslag

in die Verhoorhof wesenlik kon beïnvloed nie.

Ek/

46. Ek is nie voornemens om volledig op die

getuienis in te gaan nie. In sy betoog dat die Hof a quo die getuienis verkeerd beoordeel het, het adv O'Linn talle moontlikhede aan die hand gedoen wat, het hy aangevoer, as redelike moontlikhede deur die Verhoorhof in ag geneem moes gewees het. Na my oordeel was die moontlikhede wat hy voorgestel het bloot bespiegelend van aard en kan dit nie opweeg teen die oorweldigende oorwig van die omstandighedsgetuienis (wat insluit erkennings wat die twee appellante in ander verrigtinge gemaak het) dat daar 'n vennootskap bestaan het tussen die twee van hulle nie. Daarby moet nog gevoeg word die beoordeling van die Verhoorhof van die eerste appellant as 'n swak getuie wat, veral toe hy getuig het oor

die/

47.

die bestaan van die vennootskap, senuweeagtig,ontwykend en onseker was. Dit is welbekend dat 'nappélhof se bevoegdheid om in te gryp in diegeval van 'n geloofwaardigheidsbevinding van 'nVerhoorhof uiters beperk is. Die Verhoorhof hetook tereg die versuim van die tweede appellant omte getuig, in ag geneem.

Die betoog gegrond op die voorbehoud van

a 332(7) van Wet 51 van 1977 moet, na my oordeel,verwerp word. Daar was geen sprake daarvan in diegetuienis dat die sake van Hochland Agentskappedeur 'n komitee of ander bestuursliggaam bestuur isnie. Weliswaar was die eerste appellant in dieDepartement en die tweede appellant daarbuite en laasgenoemdeuit die aardt van die saak vryer om meer openlik

met/...48. met Hochland Agentskappe se sake besig te wees

maar Hochland Agentskappe het uitsluitlik of bykansuitsluitlik met die Departement besigheid gedoenen die onvermydelike afleiding uit die getuienis as'n geheel geneem is dat die twee appellante saamge-span en saam beplan het om die Departement tebedrieg. Wat die algemene daaglikse administratiewewerksaamhede van Hochland Agentskappe betref, waar-onder veral die betaling deur die vennootskap vandie leweransiers geval het, is die getuienis datdie eerste appellant 'n aansienlike aantal van diebetrokke tjeks uitgeskryf het wat dan deur die

tweede appellant onderteken is. Daarbenewens het

die eerste appellant een keer 'n brief onder dekking

waarvan/ 49. waarvan 'n tjek aan Maddisons gestuur is, in sy

vrou se naam onderteken en op 'n ander geleentheidhet hy 'n teleks aan Maddisons gestuur in dieDepartement se naam om betaling deur HochlandAgentskappe te waarborg. Van die tweede appellantse eensydige optrede soos byvoorbeeld sekere ont-trekkings wat hy gemaak het uit Hochland Agentskappese rekenlng om dit in Bill's Pawnshop te stort,kan nie afgelei word dat hy die bevoegdheid gehadhet om as 'n alleen-bestuurder op te tree nie.Daar is niks in die getuienis om aan te toon datdie verstandhouding nie was dat huile gesamentlikoor die uitgawes of onttrekkings moes ooreenkomnie. Uit hoofde van die feit dat die tweedeappellant op 'n stadium alleentrekkingsbevoegdheid

gehad/ 50. gehad het, was hy in 'n posisie om fisies alleen

uitbetalings te doen maar die eerste appellanthe hom later tot verantwoording geroep. Maarselfs al het die tweede appellant bestuursbevoegd-hede, stilswyend of uitdruklik, gehad ten aansienvan sekere uitvoeringshandelinge deur HochlandAgentskappe het daardie bevoegdhede nie die eersteappellant uitgesluit waar dit onderhandelings tussenHochland Agentskappe en die Departement gegeld hetnie. Hulle het in daardie verband saamgespan.Soos die Hof a quo dit stel, ".... dit is duidelikuit die getuienis dat beide beskuldigdes 'n aktiewe

rol gespeel het in die sake van die vennootskap."Die voorbehoudsbepaling van a 332(7) kom dus, na my

oordeel, glad nie ter sprake nie.

Wat/

51. Wat die toepassing van die bepalende

gedeelte van a 332(7) op aanklagte 2 en 6 betref, het adv O'Linn betoog dat die feite wat die Hofas bewese bevind het nie aantoon dat die tweedeappellant 'n party was tot die eerste appellant seversuim om aan die Departement die eerste appellantse belang in Hochland Agentskappe te openbaar nie. Ek kan nie saamstem nie. Die feite toon aan datbeide appellante goed geweet het dat die openbaar-making van die eerste appellant se belang inHochland Agentskappe kontraktering met die Departe-ment kan verongeluk. Hulle was albei versigtig. Hulle vroue is voorgehou as mede-vennote van die

tweede appellant. Diê Hof het, na my oordeel,

tereg bevind dat die tweede appellant uit die

staanspoor/

52.

staanspoor deelgeneem het aan die versuim om te openbaar dat die eerste appellant 'n belang in Hochland Agentskappe het. Die gebruik van die woord "deelneem" wat in die uitspraak gebruik word ten aansien van die tweede appellant dui vir my aan dat die Hof bedoel het om te sê dat die twee appellante 'n gemeenskaplike opset gehad het wat die versuim om te openbaar betref. In dié lig gesien moet die Hof se opmerking vroeër in die uitspraak dat die Hof van oordeel is dat daar nie genoegsame getuienis bestaan wat die twee se gemeen-skaplike opset bo redelike twyfel bewys nie geles word slegs om te verwys na "die meeste bewerings" in die klagstaat en nie na almal nie. Die bewyslas het dus op hom gerus ingevolge a 332(7) om te bewys dat hy nie aan die verswyging deelgeneem het nie. Hy het nie getuienis afgelê nie en het gevolglik nie die bewyslas gekwyt nie. Die appèl teen die

appellante/

53. appellante se skuldigbevindings op aanklagte 2

en 6 kan nie slaag nie.

Wat die skuldigbevindings op aanklagte

16, 17 en 18 betref het adv O'Linn hoofsaaklikdie feitebevindings van die Verhoorhof aangeval. Die verklaring deur die Hof dat dit gemeensaak is dat die eerste appellant, wat aanklag 16 betref, 'n valse voorstelling gemaak het deur die totaalvan die berekening foutief aan te dui, is niekorrek nie, lui die betoog. Die blote onderteke-ning van enige van die sertifikate op die Hochland-faktuur of op die bestelvorm bevat nie so 'nuitdruklike en geskrewe voorstelling dat dieberekening korrek is nie en/of dat die onderteke-naar glo dat dit korrek is nie.

54 . Die bewoording op die fakture moet, na my oordeel, egter nie in isolasie beskou word nie. As die getuienis van die wyse waarop die betaling goedgekeur is, die omstandighede wat daar in die besondere afdeling van die Departement geheers het waarvan die eerste appellant hoof was, die aandeel wat hy gehad het in die transaksies en die duide-

like voorkoms in sy handskrif van die bedrag opsekere bestelvorms en betalingsadviese in aanmerkinggeneem word was die bevinding dat hy die voorstel-ling gemaak het, indien dit nie gemene saak was nie,ruimskoots geregverdig.

Daar is egter betoog dat die Verhoorhof moes bevind het dat die eerste appellant, wat onder geweldige werksdruk verkeer het, wie se oë nie besonder/

55. besonder goed is nie en wat 'n sakrekenaar gebruik het, se getuienis dat hy 'n bona fide fout gemaak

het, redelik moontlik waar kon wees. As al diegetuienis in aanmerking geneem word is ek vanoordeel dat hierdie Hof nie van die bevinding vandie Verhoorhof kan verskil nie. Die eerste appel-lant het nie die bewyslas wat op hom ingevolgea 245 van Wet 51 van 1977. gerus het, gekwyd nie.

Wat aanklag 17 betref, betoog adv O'Linn

dat die Hof 'n mistasting begaan het deur te bevinddat die eerste appellant "weereens 'n bestellinggeplaas het." Daar is aangevoer dat die bevindingdat: "Op die oorspronklike bestelvorm J15 was dieeenheids- of aankoopprys nie ingevul nie" 'n mistasting/

56. tasting was want bewysstuk J15 verwys na aanklag

18. Die oorspronklike bestelvorm wat betrekkinghet op aanklag 17 is C7, voer advokaat O'Linnaan, en laasgenoemde is volledig ingevul deur eneD J Rickerts wat nie as getuie geroep is nie. Dit is waar dat die Hof a quo 'n fout begaan het met die bewysstukke maar ek kan nie saamstem dat bewys-stuk C7 volledig ingevul is deur D J Rickerts nie. Die afskrif van hierdie bewysstuk is, in teenstelling met sekere ander bewysstukke, goed leesbaar. Rickerts se naam kom wel op die bestelvorm voor as die persoon by wie navrae gedoen moet word en ek sal aanvaar dat hy die adres van Hochland Agent-skappe op die bestelvorm geskryf het

asook die

woorde/ 57. woorde "30 000 Tinted sheet boards", maar hy het

beslis nie die ander besonderhede ingevul nie. Die handtekening op die bestelvorm is die van die eerste appellant en, alhoewel ek geen handskrif-deskundige is nie, kom die ander besonderhede vir my voor asof dit in die kenmerkende handskrif van die eerste appellant geskryf is. Onder hierdie besonderhede is die prys "R6 300" die woorde "+ 4% A V B" en die bedrag "R252,00" daarteen-oor sowel as die woorde "2de & finale bestelling", asook die totaal "R6 552,00." In elk geval is dit duidelik dat hierdie woorde en syfers in 'n anderhandskrif as die ander besonderhede geskryf is. Dit is dus nie korrek om te sê dat Rickerts al die

besonderhede/

58. besonderhede ingevul het nie.

Bewysstuk J15 verwys, soos adv O'Linn

tereg aanvoer, na aanklag 18. Ene Beukes het

hierdie bestelvorm ingevul deur slegs in te skryf

"Board sheets (omslae) 30 000". Geen eenheidsprys

of totale prys is ingevul nie. Die besonderhede is

later, waarskynlik, gee die advokaat toe, nadat die faktuur ontvang is, deur die eerste appellant ingevul op die betaalafskrif, maar, betoog hy, die eerste appellant se verduideliking dat hy mis-lei is deur die prys op die faktuur is redelik moontlik waar. Ek het reeds met hierdie argument

in die samehang van al die omstandighedsgetuienisgehandel.

Die tweede appellant is, uit hoofde van

59. die bepalings van a 332(7) ook skuldig bevind,

tereg, na my mening, op aanklagte 16, 17 en 18.

Die Staat was nie tevrede daarmee om

slegs die appél teen te staan nie. Namens die Staat het adv Heyman aangevoer dat die Verhoorhof verkeerdlik op grond daarvan dat daar 'n ongeoorloofde vermenigvuldiging van aanklagte was die appellant slegs skuldig bevind het op die eerste aanklag van elk van die groepe 2 - 5 en 6 - 11 en hy het hierdie Hof versoek om die fout reg testel en op elkeen van die ander aanklagte in die twee groepe 'n vonnis op te lê soortgelyk aan die vonnis wat die Verhoorhof op aanklagte 2 en 6 opgelê het. Die Staat het nie die Verhoorhof versoek

om 'n regspunt ingevolge a 319 van Wet 51 van 1977

voor/ 60. voor te behou nie maar adv Heyman betoog dat dit

onder die omstandighede van hierdie geval nie nodig was om dit te doen nie. Hy beroep hom op a 322(1) van Wet 51 van 1977 en betoog dat aangesien die

appellante teen hulle skuldigbevindings op aanklagte

2 en 6 geappelleer het kan hierdie Hof ingevolgepar (b) van subartikel

(1) die uitspraak gee wat die Verhoorhof behoort te gee het.

Na my oordeel is dit 'n vergesogte argument. Die argument gaan nie op nie eenvoudig omdat die Staat verkies het om afsonderlike aanklagte te formuleer. Die appellante appelleer slegs teen hulle skuldigbevinding op aanklagte 2 en 6 en die betoog dat die Hof wesentlik bevind het dat die versuim om die eerste appellant se belang in

Hochland/ 61 . Hochland Agentskappe te openbaar al die aanklagte

in die twee groepe tref, kan die Staat nie help nie. Bowendien, gestel die appellante was op meerdere aanklagte skuldig bevind, is dit twyfelagtig of die vonnisse enigsins sou verskil het van die vonnisse wat wel opgelê is ten aansien van die skuldigbevindings op aanklagte 2 en 6 want daar was maar een versuim om te openbaar en dit is aan-neembaar dat, selfs as die Verhoorhof in sy benade-ring gefouteer het, waarvan ek geensins oortuig is nie, die Verhoorhof sou oorweeg het om te gelas dat die vonnisse saamloop. Die betoog van die Staat word gevolglik verwerp.

Adv Heyman rig egter nog 'n ander versoek

aan hierdie Hof. Hy kla dat die twee appellante

by/

62 . by monde van hulle regsverteenvoordigers op on-

billike en onbehoorlike wyse herhaaldelik besonderhede van die bewerings in die klagstaat aangevra

het en versoek hierdie Hof om riglyne neer te lê waarvolgens nadere besonderhede aangevra kan word verskaf moet word.

Dit is 'n verbasende en ongewone versoek.

Daar is talle gewysdes waarin die beginsels wat geld neergelê is en dit hang van die feite van elke saak af welke nadere besonderhede 'n hof, met die toepassing van die gepaste beginsels, die Staatsal gelas om te verskaf. Bowendien is die aange-leentheid van die verskaffing van nadere besonderhede glad nie 'n geskilpunt in hierdie appél nie en

dit/ 63. dit is nie hierdie Hof se funksie om 'n regsmening

aan 'n litigerende party te verskaf nie.

Die appél van die twee appellante

word van die hand gewys.

APPeLREGTER

SMALBERGER AR)) - stem saam BOSHOF WAR)

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1986/89.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-luff-and-others-unknown-topic-asca-1986>

Prepared on 14 October 2026 · Esheria